# BOEKRESENSIES / BOOK REVIEWS

M. WIECHERS EN F. BREDENKAMP (REDS)
*Die staat - teorie en praktyk.*
Pretoria: Van Schaik.
1996
251 pp.
Prys: R139,95.
ISBN 062702159X

In hierdie boek, waaraan sewe akademici meegewerk het, word verskeie aspekte rakende die moderne staat bespreek, met besondere aandag aan die Suid-Afrikasnse situasie. Die eerste hoofstuk handel dan ook oor polities-teoretiese uitdagings by staatsvorming in Suid-Afrika. Daar is verder hoofstukke oor die opkoms van die moderne staat, staatstipes, elemente van die staat, die beskerming van die staat, en die staat en internasionale betrekkinge. Nie alle fasette rakende die moderne staat word dus bespreek, soos wat 'n mens van 'n boek met as titel "die staat - teorie en praktyk" sou verwag nie. Daar word byvoorbeeld nie aandag gegee aan die staatsinrigting, dit wil sê die rol van, onder meer, die parlement, die kabinet en die geregshowe nie en ook nie aan die plek van politieke partye in die staat nie. Die werk kan dus nie eintlik vergelyk word met algemeen inleidende werke in die politieke wetenskap, waarvan daar verskeie in Engels beskikbaar is nie. Dit is, soos ook op p. v aangedui word, eerder 'n boek wat, naas ander werke, deur gevorderde studente in die politieke wetenskappe en die staatsreg gebruik kan word.

In die lig daarvan dat die boek spesifiek geskryf is vir Suid-Afrikaners en verwys na die ingrypende konstitusionele veranderinge wat ons land in die jongste tyd ondergaan het, is dit vreemd dat die staat enkel vanuit 'n Westerse perspektief bekyk word. Daar word byvoorbeeld nerens aandag gegee aan die inheemse politieke strukture wat in Suider-Afrika voor die koms van die blankes bestaan het en ook 'n groot rol in die latere Suid-Afrikaanse geskiedenis gespeel het nie. Om die huidige politieke opset in Suid-Afrika te verstaan, is insig in die wortels van die tradisionele gesagstrukture wat nog steeds in verskeie dele van die land voorkom, noodsaaklik. Ook die kenmerke van die Westerse koloniale stelsels, wat tot enkele dekades gelede die algemene politieke stelsels in byna die hele Afrika was, en wat 'n ingrypende invloed op die huidige politieke strukture op die vasteland (insluitende Suid-Afrika) uitgeoefen het, word nie bespreek nie.

Uit hierdie opmerkings blyk reeds dat die boek nie van besondere waarde is by die bestudering van die Suid-Afrikaanse geskiedenis nie. Politieke stelsels wat in die Suid-Afrikaanse verlede bestaan het - die Nederlandse Kompanjiesregering aan die Kaap, Britse koloniale beheer in sy verskillende vorme, die Boererepublieke en die Unie van Suid-Afrika as Britse dominium - kom glad nie aan die orde nie. Daar word wel telkens na die nuutste konstitusionele veranderinge verwys, maar die kenmerke van die huidige konstitusionele bedeling word nie spesifiek behandel nie.

Die boek het 'n sterk teoretiese inslag. Ook in hierdie opsig is die titel dus misleidend. Hoewel historici dikwels tot hul eie skade negatief ingestel is teenoor politieke teorie, sal die sterk teoretiese benadering wat hier gevolg word om die ontwikkeling van die moderne staat te behandel, kwalik kan bydra om hulle meer positief teenoor die waarde van politieke teorie in te stel. In sy hoofstuk "Opkoms van die moderne staat: 'n

histories-filosofiese verkenning", gee W. van Vuuren 'n nuttige samevatting van die politieke denke van Hobbes, Locke, Rousseau, Smith, Hegel, Gramsci, en andere, maar bekyk hoegenaamd nie al die faktore wat bygedra het tot die opkoms van die moderne staat nie. Die indruk word geskep dat dit hoofsaaklik die politieke denkers was wat daarvoor verantwoordelik was dat die moderne staat tot stand gekom het. Daar word wel na enkele werke van historici verwys, maar die verskillende interpretasies wat onder historici voorkom oor die oorsake vir die opkoms van die moderne staat word glad nie bespreek nie.

In hierdie hoofstuk, soos ook in ander hoofstukke, word verder darem te maklik kategoriese uitsprake gemaak. Op p. 39 word byvoorbeeld verklaar dat totalitêre ideologieë soos die Fascisme en die kommunisme rondom elementêre mitiese voorstellings uitgebou is, en ter stawing van hierdie stelling word na 'n enkele bron verwys. Daar is talle werke oor hierdie ideologieë geskryf, en die besondere beskouing wat Van Vuuren huldig, word nie noodwendig deur al die skrywers gedeel nie. Ook in 'n werk vir voorgraadse studente, trouens juis in so 'n werk, is dit immers nodig dat die lesers steeds bewus gemaak moet word van verskillende wetenskaplike standpunte en interpretasies en dat 'n bepaalde beskouing nie voorgehou word asof dit die algemeen aanvaarde beskouing is nie.

Nieteenstaande al hierdie kritiekpunte, het Wiechers en sy medewerkers 'n verdienstelike werk die lig laat sien. Die grootste waarde lê waarskynlik daarin dat ingewikkelde sake op 'n eenvoudige wyse uiteengesit word. Die gebruik van verskillende lettertipes asook van rame of kassies om bepaalde aspekte duideliker na vore te bring, dra by tot die doelmatigheid van die werk as 'n handboek vir studente. "Afrikaanssprekende lesers en studente bied 'n betekenisvolle teikenmark vir 'n publikasie wat 'n opvoedkundige bydrae tot staatsvorming in Suid-Afrika wil maak," aldus die redakteurs (p. vii). Hulle, asook die uitgewers, moet daarmee gelukgewens word dat hulle kans gesien het om so 'n onderneming aan te pak in 'n tyd waar al minder universiteitshandboeke in Afrikaans verskyn. 'n Goeie kennis van die moderne staat en sy komponente is onontbeerlik vir historici en Geskiedenisstudente, en daarom is die boek beslis ook vir hulle van waarde.

P. de Klerk
*Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys*